## AFDELING B: KORTVERHALE

## VRAAG 2: *BLADSAK* – Lucas Malan

## VERHAAL A: "TOM" – Jeanne Goosen

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1.1 | Die verteller/sustertjie | 1 |
| 2.1.2 | • Die donkie lyk halfdood.<br>• Die donkie is vol skaafplekke.<br>• Die donkie het nie al sy tande nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.1.3 | • Op 'n erfie<br>• Buite die dorp<br>• Naby 'n bosplantasie<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.1.4 | • Hy het gehuil.<br>• Hy het die verteller verwyt (dat sy hom net altyd kritiseer/nooit tevrede is met enigiets wat hy doen nie).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.2 | honderd/eenhonderd | 1 |
| 2.3 | D/glo hy het die regte ding gedoen. | 1 |
| 2.4.1 | ontevrede | 1 |
| 2.4.2 | beter | 1 |
| 2.5.1 | C/Die verteller is sarkasties, want sy dink nie die donkie sal hulle op enige manier kan help nie. | 1 |
| 2.5.2 | E/Die broertjie is hartseer omdat die verteller net altyd met hom raas. | 1 |
| 2.5.3 | A/Die verteller is bang hulle gaan nie geld vir ander nodige dinge hê nie. | 1 |
| 2.5.4 | B/Die broertjie sou nie toelaat dat Tom probleme veroorsaak nie. | 1 |
| 2.6 | • Die donkie se vorige eienaar het hom mishandel.<br>• Die broertjie het die donkie en karretjie vir 'n hengse *bargain* gekoop.<br>• Die verteller noem baie redes waarom die donkie nie 'n goeie idee is nie.<br>• Die verteller verstaan uiteindelik dat Tom hulle kan help.<br>*(Die kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br><br>1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.7 | • Hy was jammer vir die donkie wat so mishandel is./Hy wou vir die donkie 'n beter lewe gee.<br>• Hy het dadelik lief geword vir die donkie.<br>• Hy het baie planne gehad waarvoor hy die donkie en karretjie kon gebruik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.8 | • Die verteller was die oudste.<br>• Die verteller was verantwoordelik vir hulle huishouding/geldsake.<br>• Die broertjie moes met die verteller praat en hoor of daar wel geld was om die donkie en karretjie te koop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.9 | Die broertjie leer vir my ...<br>• om nie iets te doen/koop as dit geen doel gaan dien nie.<br>• om verantwoordelikheid te dra vir die besluite wat ek geneem het/dinge wat ek gedoen het.<br>• om te doen wat ek kan om probleme te voorkom.<br>• dat as ek besluit het om iets te doen/dink dis die regte ding om te doen, moet ek daarby hou.<br>• om nie toe te laat dat my optrede probleme vir ander veroorsaak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.10 | • Die slot eindig positief vir Tom en die ander karakters.<br>• Die slot verwys direk na Tom oor wie die verhaal gaan.<br>• In die slot lees ons dat Tom tevrede is en dit sluit die verhaal mooi af.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: 'POTYSTER SWEIS NIE' – PG du Plessis**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.11.1 | plaas/huis | 1 |
| 2.11.2 | stofie | 1 |
| 2.11.3 | geld | 1 |
| 2.11.4 | pa | 1 |
| 2.12 | (Dit was) die derde keer (in hierdie week). | 1 |
| 2.13 | • Die skoolseun het duimgegooi/gewys dat hy wou saamry.<br>• Die verteller se radio wou nie reg werk nie./Die verteller het geselskap gesoek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING ...

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.14 | • Hy moes Saterdag by die huis wees.<br>• Almal sou saam tennis speel.<br>• Van sy vriende sou by sy huis kom swem.<br>• Sy ma sou vir hulle op die grasperk kos gee.<br>• Sy pa sou ook by die huis wees.<br>• Sy pa sou Saterdagaand braai.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 2.15 | personifikasie | 1 |
| 2.16 | D/die seun wat saam met hom gery het. | 1 |
| 2.17.1 | C/Die seun het leuens oor sy lewe vertel. | 1 |
| 2.17.2 | E/Die Portugees het agter die verteller aangegaan. | 1 |
| 2.17.3 | D/Die Portugees het die waarheid oor die seun se lewe gepraat. | 1 |
| 2.17.4 | A/Die verteller het geweet die seun was skaam oor die leuens wat hy vertel het. | 1 |
| 2.18.1 | hartseer | 1 |
| 2.18.2 | negatiewe | 1 |
| 2.19 | • Die verteller het hom huis toe geneem./Dit het hom kans gegee om by die huis te kom.<br>• As die verteller hom nie opgelaai het nie, sou hy huis toe moes loop.<br>• Die verteller het sy toebroodjies met hom gedeel.<br>• Die verteller het vir hom koeldrank gekoop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.20 | Die Portugees ...<br>• het die seun verneder.<br>• het die seun se sake voor vreemdes bespreek.<br>• het onsensitief opgetree.<br>• moes verstaan dat die seun nie verantwoordelik gehou kan word vir sy ouers se optrede nie.<br>• is 'n volwassene en moes meer taktvol opgetree het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.21 | Aan die einde het die seun besef dat leuens nie betaal nie/die waarheid altyd uitkom/dit nie help om leuens te vertel nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.22 | Die skrywer laat ...<br>• die seun baie leuens vertel.<br>• die seun leuens oor verskillende dinge in sy lewe vertel.<br>• die seun se leuens geloofwaardig klink.<br>• een van die ander karakters die leuens ontbloot/uitkom met die waarheid.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING B:** | **40** |
| **GROOTTOTAAL:** | **40** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION